

'N Evaluering van Staatsbetrokkenheid by die Hartebeespoortdamskema, 1914-1952

A.S. du Plessis

Vista Universiteit

Inleiding

Die ontwikkeling van 'n besproeiingsnederstelling langs die oewers van die Krokodilrivier by Hartebeespoort kan teruggevoer word na staatsbetrokkenheid by blanke armoede, hoewel die beperkinge van die landbou as oplossing vir die armlankevraagstuk reeds vroeg besef is. Tog is geleentheid wat met staatsbystand ontgin kon word, wel ondersoek. Die Hartebeespoortdambesproeiingsnederstelling is 'n voorbeeld van 'n landelike hervestigingskema wat heenkome op verskeie wyses aan armlankes moes bied. Landelike hervestigingskemas was slegs 'n aspek van die totale rehabilitasiebeleid wat met verloop van tyd ontwikkel het en deur verskeie fases sou gaan. Landelike hervestigingskemas het, afgesien van landbou- en streeksontwikkeling 'n maatskaplike funksie verrig deur vestigingsgeleentheid tot armlankes te beperk. Terselfdertyd is ook politieke munt daaruit geslaan. Die relevansie van hierdie artikel is daarin geleë dat Suid-Afrika huidiglik met uitgebreide regstellende aksies sal moet begin om swart armoede te probeer aanspreek. Verskeie politieke groepe het al verwys na die moontlikheid van landelike skemas om swart kleinboere te vestig deur die grootskaalse onteiening van grond behorende aan blanke boere.¹

Die klem in hierdie artikel val nie op die debat oor die konsep "armlanke" nie. Dit is 'n poging om verder lig te werp op die armlankevraagstuk en die studies wat veral sedert die 1980's die lig begin sien het. Hierdie artikel belig spesifiek die staat se landelike hervestigingsprogram as oplossing vir die armlankevraagstuk en die toepassing daarvan op die Hartebeespoortdambesproeiingskema gedurende 1914-1952. Dit was die eerste volledige skema van dié aard wat deur die Unie-regering geïnisieer is. Sekere vrae moet beantwoord word. Wie was die armlankes en watter persepsies het die Unie-regering oor hulle gehuldig? Waarom is 'n landelike hervestigingsprogram voorgestel en watter verband het dit met die res van die rehabilitasiebeleid gehad? Hoe het die Hartebeespoortdambesproeiingskema tot stand gekom? Hoe is die skema gebruik om die lot van armlankes te probeer verlig, beide gedurende die konstruksie- en voorbereidingsfasies asook later deur vestiging op kleinboewes? In watter mate kan die rigoristies-sosialistiese houding van die staat soos gemanifesteer in die besluite van die Departement Lande geregverdig word? Hoe het dit die sukses van nedersetters en die skema beïnvloed? Was die skema 'n sukses, gemeet aan die hand van spesifieke kriteria?

Die Landdros van Pretoria het alreeds in 1894 opgemerk dat "die tyd aangebreek het om toe te sien dat die armes wat met hulle families in [die] stede rondwaal, 'n vaste verblyfplek kry."² Wie was die "armes" na wie hy verwys

het? Die omskrywing van Wilcocks in 1935 blyk van toepassing te wees op persepsies oor armlankes teen die eeuwending. Hy het armlankes beskryf as persone wat geheel en al óf gedeeltelik uit boerdery 'n lewensbestaan gemaak het en klaarblyklik nie die aanvaarde beskawingspeil kon handhaaf nie. Dit het mense ingesluit wat volgens hulle oorsprong van plattelandse afkoms was en in die meeste gevalle bywoners, huurlinge op plase, besitters van klein stukkie grond, asook 'n toenemende aantal ongeskoolde arbeiders buite die landbousektor.³ Potgieter wys ook na die verband tussen materiële en geestelike armoede en die gevolglike totale afhanklikheid van die gemeenskap vir oorlewing.⁴ Volgens Freund is die betekenis van die term armlanke ontwykend en bestaan daar onduidelikheid oor wat werklik met "arm" bedoel word.⁵ Hieruit is dit duidelik dat 'n beskrywing van die konsep "armlanke" nie eenvoudig is nie en dat kriteria waarvolgens mense in die verlede as "arm" geklassifiseer is, nie altyd duidelik is nie.⁶

Binne die konteks van hierdie artikel moet die redes vir die landelike hervestigingsbeleid ondersoek word. Landelike hervestigingsmaatreëls was 'n poging om die uitwerking van die proletarisasieproses te omseil. Dit is onwaarskynlik dat beleidmakers teen 1894 of selfs 1914 die verstedelings- en industrialisasieprosesse wat deur die ontdekking van goud en diamante in die Suid-Afrikaanse samelewing ontkenen is as 'n onomkeerbare diepgaande strukturele verandering kon identifiseer. Die ware toedrag van sake was dat hierdie strukturele veranderinge grootliks bygedra het tot die uitkristalising van 'n groep mense wat teen 1892 as armlankes bekend begin staan het. Redes vir die aanvanklike klem op plattelandshervestiging is tweeledig van aard. Eerstens het die sekondêre sektor nie genoeg werksgeleentheid in dorpe en stede gebied nie. Tweedens het beleidmakers steeds geglo dat redes vir armoede op die platteland deur staatsbetrokkenheid, byvoorbeeld landelike nedersettingskemas, uitgeskakel kon word. Aangesien die grootste gros armlankes van plattelandse afkoms was, die landbousektor as 'n natuurlike nering vir Afrikaners beskou is, groot dele van die Unie wel ontwikkelingsmoontlikhede op landbougebied gehad het en anti-verstedelingsmaatreëls aangeneem moes word, is oplossings vir die armlankevraagstuk aan die begin van die eeu en daarna dus reeds in plattelandshervestiging gesoek.⁷ Afgesien van 'n verband tussen oorsaak en oplossing is ondersoek verder beïnvloed deur die houdings en persepsies van ondersoekers self, aldus Lewis.⁸

Eensyds is die landbousektor ná 1910 op verskeie maniere bygestaan om die uitbreiding van armoede in dié sektor te bekamp, terwyl aktiewe pogings die landbou andersyds betrek het om armoede te help oplos. 'n Onderskeid is tussen permanente en spesiale maatreëls ge-

maak. Eersgenoemde is in vyf kategorieë verdeel: nasionale uitgawes op permanente kapitale verbeterings, bv. besproeiingskemas en landelike nedersettings, landbanklenings vir privaat kapitaalbesteding, tydelike akkommodasie, viz. korttermyn krediet d.m.v. die Wet op Landboukrediet, Wet 40 van 1926 en laastens advies soos verskaf deur landbou navorsingstasies en kolleges.⁹ Die Hartebeespoortdamnedersetting was 'n permanente maatreël en sou met staatsfondse gefinansier word. Beleidmakers het voorsien dat 'n nedersetting van dié aard gedurende die konstruksiefase meestal van armblanke arbeid gebruik sou maak, terwyl vestiging tot blankes beperk sou word.¹⁰

Die totstandkoming van die Hartebeespoortdam-Besproeiingskema

Op 9 Julie 1914 is die Wet op die Hartebeestpoortbesproeiingskema (Krokodilrivier), Wet 32 van 1914 geproklameer, nadat voorlopige ondersoeke in 1913 gedoen is. Dit het geensins beteken dat die droom oor 'n besproeiingskema in die Krokodilrivier nuut was nie. Beskrywings oor die Britsdistrik toon dat die gebied rondom die Krokodilrivier sedert die eerste helfte van die negentiende eeu 'n besondere aantrekkingskrag vir Voortrekkers gehad het. Tog het verskeie ondersoeke na 'n uitgebreide besproeiingskema voor en na die Suid-Afrikaanse oorlog – party ook privaat – op niks uitgeloop nie.¹¹

Redes waarom wetgewing vir die magtiging van die Hartebeespoortdamskema haastig in Junie 1914 aangeneem is, moet gesoek word in gebeure vóór 1910 en geplaas word teen die agtergrond van die knellende armblankevraagstuk. In 1907 het onrus oor die Transvaal-regering se skynbare onmag om iets aan blanke werkloosheid en verarming te doen, byvoorbeeld uitgebreek. Die regering is toenemend vir sy onsimpatieke houding gekritiseer, veral vir sy optrede tydens die 1913-mynwerkerstaking en opstande op die Witwatersrand. 'n Skeuring in die Suid-Afrikaanse Party het Hertzog uit die kabinet gedryf en groter polarisasie in blanke politieke geledere tot gevolg gehad. Hertzog het met sy "Suid-Afrika eerste"-beleid nasionalistiese gevoelens onder Afrikaners aangewakker, sodat die Smuts-regering beslis iets aan aspekte soos blanke verarming moes doen in 'n poging om die Suid-Afrikaanse Party se beeld te verbeter. In 1914 het nywerheids-onrus uitgebreek en gevolglik het Smuts krygswet afgekondig. In dieselfde tyd het Ghandi gelykheid vir Indiërs geëis. Aangesien blankes politieke mag by die stembusse kon uitoefen, was die aankondiging van die Hartebeespoortdamskema 'n politieke geïnspireerde skuif, eerder as 'n poging met uitsluitlik maatskaplike oogmerke.¹²

Die Hartebeespoortdamskema het beide die nutgestigde Departemente van Besproeiing asook van Lande die geleentheid gebied om hulle bestaan te regverdig. Die Departement Besproeiing het dit onomwonde gestel dat hierdie 'n besproeiingskema was en dat persele aan armblanke beskikbaar gestel sou word. Die dringendheid waarmee die departement die aangeleentheid bejeën het, word daarin weerspieël dat fondse vir die skema reeds in die Leningsuitgawepos vir die Jaareinde 31 Maart 1915 beskikbaar gestel is. Die Minister van Lande het die


vooruitsigte van landbou-ontwikkeling in dié deel van Transvaal beklemtoon en daarop gewys dat weens droogtes so iets nog altyd bykans onmoontlik was. Die drukkende nood rondom die vestiging van armblanke het 'n skema van die aard genoodsaak. Ekonomiese faktore soos die nabyheid van markte op die Witwatersrand is as oorweegrede aangevoer in 'n poging om die sukses van die voorgestelde skema te verseker. Landbou-aspekte soos grondtipe, reënval in die opvanggebied, voldoende afloop ensovoorts is ook aangeroer. Ten einde laaste het die Minister van Lande die doel van die skema as volg gestel:

*"...het hoofdoel van het plan is een oplossing te vinden voor de arme-blanke weste"*¹³

Hierdie oënskynlike welwillendheidsgebaar van die Botha-regering is nie kritiekloos aanvaar nie. Geldige kritiekpunte was die oorhaastigheid waarmee wetgewing aangeneem moes word, onduidelikhede rondom die voorgestelde hervestigingskema wat klaarblyklik vir armblanke bedoel was, die geringe aantal armblanke wat hervestig sou kon word in vergelyking met die onkoste daaraan verbode en of nadere nedersettings vir die vestiging van armes enigsins suksesvol kon wees. Die indruk word gelaat dat die droom oor die Hartebeespoortdamskema baie handig te pas gekom het reeds op 'n kritieke punt in die nuutgestigte Unie se geskiedenis. Tog moet nie uit die oog verloor word dat die eertydse Transvaalse Departement van Besproeiing alreeds vóór Uniewording 'n besproeiingskema in die Krokodilrivier in die vooruitsig gestel het nie. Uiteindelik is die Volkswaad op 26 Junie 1914 tot stemming gebring, waarna 63 vir en 22 teen die voorgestelde skema gestem het.¹⁴

Die aankondiging van die voorgestelde skema het die hoop van hawelose, verarmde blankes laat opflikker. Groot getalle mense het dadelik óf in Pretoria óf naby die voorgestelde konstruksiegebied begin saamdrom. In 'n kennisgewing gedateer 14 Augustus 1914, is gestel dat daar nie binne die volgende twaalf maande met werksaamhede begin sou word nie en dat voornemende arbeiders en nedersetters niks tot op daardie tydstop sou kon uitrig nie. Intussen het Suid-Afrika later in Augustus 1914 tot die Eerste Wêreldoorlog toetree met die gevolglike uitstel van verskeie staatsprojekte. Teen die helfte van 1916 is besluit om voort te gaan met konstruksie, hoewel dit eers werklik moontlik was ná die aanname van verdere wetgewing in 1918 vir die onteiening van grond kollateraal tot die skema.¹⁵

Aangesien die nedersetting vanuit die staanspoor vir blanke nedersetting bedoel was, moes sekere swart stamme van hul grond onteien word om 'n gekonsolideerde gebied daar te stel wat in 'n blanke nedersetting ontwikkel kon word. Die Hartebeespoortdamskema was dus in geen opsig anders as skemas wat later sou volg nie, byvoorbeeld die Vaal Hartz-skema. Gedurende 1914, voor die aanname van Wet 32 van 1914 vir die magtiging van die Hartebeespoortdamskema, is 'n ooreenkoms met twee stamhoofde Johannes Mamogale en Petrus Mogale onderskeidelik gesluit. Die stamme wou 'n gebied wat tien persent meer as hulle toenmalige grond was, in ruil ontvang. Artikel 13 van Wet 32 van 1914 het hiervoor voorsiening gemaak. In 1929/30 was nog grond nodig om



'n Huis van Departement Lande, ongeveer 1925.

die reorganisasie van die Mamagalieskraal-nedersetting moontlik te maak. Dié grond is op dieselfde basis as in 1914 van Petrus Rampa geruil.¹⁶

Die arbeidsbeleid op Hartebeespoort: Werkverskaffing aan Armblankes tydens die konstruksie- en voorbereidingsfases

In 1919 is met uitgrawings begin vir kofferdamme, waarna uitgebreide konstruksiewerksaamhede eers in Maart 1921 'n aanvang geneem het. Namate werksaamhede gevorder het, het daar op sekere stadia arbeidstekorte voorgekom. In 1921 moes die nuwe hoofingenieur, F.W. Scott byvoorbeeld poog om arbeiders meer doeltreffend te gebruik. Gedurende die 1922-mynwerkerstaking in Johannesburg was daar 'n tydelike toename in die aantal werkers op Hartebeespoort, maar die toestand het teen Julie 1922 weer min of meer genormaliseer. Teen die einde van 1922 was daar sowat 2 500 arbeiders op die skema. In 1923, na die voltooiing van die belangrikste betonwerke aan die damwal, is weer eens arbeidstekorte ondervind. Aansoek is gedoen om swartes te gebruik en toegestaan op grond van die onbekombaarheid van blankes. Dit is ironies, aangesien die skema veronderstel was om werksgeleenthede aan armblankes te bied. 'n Klinkklare rede vir die tekort aan blanke arbeiders is ontwykend. Miskien is 'n gedeelte van die antwoord daarin geleë dat blankes 'n bepaalde ingesteldheid jeens ongeskoolde handearbeid geopenbaar het. Dan moet ook in gedagte gehou word dat verarmdes nie altyd werk wil hê nie. Die Residerende Ingenieur het in 1921 die toestande op die konstruksieplek as volg beskryf:

"This was a bad period. The whole of the work is being carried out by white labour and about this time demand for labour increased rapidly with the opening up of various sections. Previously, picked men had been sent forward 'en masse'. And what a mass. Mob is a more descriptive word. For about five weeks the air seemed filled with the rush of passing strangers.... They came. They also went in most

*cases; and often without saying: Goodbye. Work: The last thing they wanted. Relief: Of course yes, but not work."*¹⁷

Ná die bewindsoorname van die Pakt-regering in 1924, is die indiensneming van blankes in alle sektore van die ekonomie uitgebrei en afgedwing. Die taak van die nuutgestigte Departement Arbeid was reeds om die belange van werklose en ongeskoolde blankes te beskerm. Regeringsingesteldheid oor werkverskaffing het ook die werksaamhede op Hartebeespoort geraak. Die kontroleur op Brits is opdrag gegee om so gou moontlik van swart arbeiders ontslae te raak, aange-

sien blankes weens droogte en aanhoudende swak ekonomiese toestande van werk voorsien moes word. Dit het probleme veroorsaak, aangesien die geskikte soort blanke arbeiders nie altyd bekombaar was nie. Teen 1924 was die meeste werksaamhede op Hartebeespoort al voltooi, sodat vanuit 'n praktiese oogpunt, die geïnstitusionaliseerde arbeidsbeleid van die Pakt-regering nie so 'n groot impak op konstruksiewerksaamhede gehad het nie.¹⁸

Die uitsluitlike gebruik van blanke arbeid het die kwessie van subsidiëring navore gebring, aangesien blankes meer as swartes vir dieselfde werk betaal moes word ten einde eersgenoemde se verhoogde lewensstandaard te verseker. Subsidies vir blanke arbeiders op Hartebeespoort het uit die noodlenigingsfonds en later die werkloosheidsfonds gekom. Sien tabel 1.

Tabel 1

Subsidies uitbetaal aan blanke arbeiders op die Hartebeespoortdamskema, 1919/20 tot 1922.

1919-1920*	1920-1921**	1922
R13 452	R27 698	R220 871
* Uit Noodlenigingsfonds		
** Uit Werkloosheidsfonds		

BRON: Saamgestel uit H.G. Andrews, "The Hartebeespoort irrigation scheme with side-lights on land policies" (M.A. UNISA, 1931), p.85; U.G. 32-1921 *Jaarverslag van die Direkteur van Besproeiing*, 31 Maart 1920, p.24; U.G. 12-1922, *Jaarverslag van die Direkteur van Besproeiing*, 31 Maart 1921, p.32.

In 1923 het die Direkteur van die Departement Besproeiing opgemerk dat blanke arbeid onekonomies was. Na sy mening was blankes op onderstandswerke nie daartoe in staat om meer as twee derdes van dit wat deur

swartes verrig is, te doen nie en dat die koste verbonde aan die uitsluitlike gebruik van blanke arbeiders verantwoordelik vir meer as 35% van die totale koste van die skema was. Oponthoude en arbeidstekorte het ook die plaaslike kontroleur op Brits, mnr. Liebenberg van die Departement Lande gefrustreer, soos afgelei kan word uit korrespondensie met die Departement Lande. Tog het die Minister van Lande, kort na die versoek van die regering dat alle swart arbeiders dadelik met blankes vervang moes word, die kontroleur grasie gegee om steeds van swartes gebruik te maak:

*"If the pressure from the White Labour Department becomes acute, we shall probably have to review the position – for the moment just carry on."*¹⁹

Teen 1925 het die Departement Lande se houding oor blanke arbeiders effens verander weens 'n siftingsproses wat oneffektiewe arbeiders grootliks uitgeskakel het. Blanke arbeiders het intussen ook meer ervaring opgedoen. Afgesien van hierdie redes, moet die uitwerking van politieke druk ook in gedagte gehou word. Die departement was egter steeds nie tevrede nie, aangesien die meeste blanke arbeiders óf te oud óf baie jonk was. Die eis vir goedkoper swart arbeiders en 'n effektiewer arbeidsmag moet verstaan word teen die agtergrond van die departement se poging om die voorbereiding van hoewes sou gou moontlik klaar te kry teen die laagste moontlike koste.²⁰

Afgesien van direkte subsidiëring, moes die staat ook kostes aangaan m.b.t. die verskaffing van behuising, skoolgeriewe, lopende water, sanitasie ensomeer. Sowat 40% van die arbeiders in 1922 was ongetroud. Aangesien getroude werkers gewoonlik hulle families saamgebring het, moes daar vir bykans 10 000 mense voorsiening gemaak word. Hieruit blyk die mate waartoe die Hartebeespoortdamskema heenkome aan armblikes en hulle families gebied het, asook die staat se bereidheid om op grootskaal fondse te bewillig. Rehabilitasie het dus nie slegs werkverskaffing behels nie, maar die opheffing van die totale gesin.²¹ Dit het gestrook met beleidmakers se idees oor opheffing en die voorstelle ter oplossing van die armblikevraagstuk.

Vestiging van Nedersetters op besproeibare hoewes en die rol van die Departement Lande

Hoewel die Departement Lande verantwoordelik was vir vestiging op hoewes, was daar teen 1916 nog nie klinkklare praktiese aanduidings van die wyse van vestiging nie. Teen 1921 het die departement 'n plan voorgelê wat voorkeur gegee het aan nedersetters met kapitaal, hoewel voorsiening ook gemaak is vir nedersetters sonder die nodige kapitaal – d.i. arm-

blankes. Hulle sou eers 'n proeftydperk moes deurmaak. Bogenoemde plan is nooit ten uitvoer gebring nie. Aangesien die konstruksiefase voltooiing genader het en die meeste armblike arbeiders sonder die vooruitsig van enige ander heenkome ontslaan moes word, is indringend na die moontlikheid gekyk om die hele skema vir armblikevestiging beskikbaar te stel. Arbeiders het ook aangeneem dat hulle hoewes op die voltooide skema sou bekom en moes sekerlik terugverwys het na regering-splanne in 1914 om die skema uitsluitlik vir armblikevestiging te gebruik. Hierdie toedrag van sake het 'n belangrike invloed uitgeoefen op die aanname van verreikende amendamente m.b.t. wetgewing wat nedersetting op kroongrond gereël het. Die amendamente is vervat in die Wet op Proefhuurders, Wet 32 van 1924 en is gedurende die eerste parlamentsitting in 1924 gepromulgeer. Die moontlikheid bestaan dat sekere amendamente wel onder die Smuts-regering aangebring sou word, maar Smuts se onverwagte verkiesingsnederlaag het dit verhinder.

Tot 1924 is vestiging op staatgrond uitsluitlik volgens Artikel XI van Wet 12 van 1912 gedoen. Artikel XI-toekennings het onkundiges, bywoners en armblikes sonder die nodige kapitaal – hoe gering ookal – uitgesluit van die moontlikheid van grondeienaarskap. Die Wet op Proefhuurders, Wet 32 van 1924 het gepoog om mense met geen of min kapitaal en 'n gebrek aan opleiding en vaardighede in landbouakiwiteite op kroongrond te vestig. Kroongrond wat vir dié doel gebruik is, was gewoonlik nadere nedersettings op besproeiingskemas. Die wet is vir die eerste keer op die Hartebeespoortdamskema toegepas.²² Aangesien beskikbare hoewes in die staatskoerant geadverteer is, kon blankes van oor die hele land vir plasing aansoek doen. In watter mate arbeiders werkzaam tydens die konstruksiefase bevoordeel is, is onduidelik.

'n Rigories-sosialistiese houding word in die Departement Lande se program bespeur. 'n Nedersetter het 'n proeftydperk van sowat 3 tot 5 jaar gehad om homself te bewys. Gedurende dié tydperk sou die departement



'n Huis van Departement Arbeid, ongeveer 1925.

grootliks vir alles sorg: 'n voorbereide hoewe met 'n huis en skuur, die belangrikste landbou-implemente, saad en advies asook die bemarking van produkte. Die departement het grootliks landbou-aktiwiteite bepaal, soos byvoorbeeld die tipe gewasse wat verbou moes word. Proefhuurders het 'n toelaag ontvang totdat hulle eerste oeste bemark was. Na nege maande is die toelaag met die helfte verminder waarna dit na ses maande gestaak is. Proefhuurders moes 60% van hulle oeste aan die Departement Lande afstaan om departementele skuld te delg. Die Departement Lande het dit geregverdig in die lig daarvan dat nedersetters nie altyd instaat was om met geld te werk, hulle eie produkte te bemark of wetenskaplike boerderymetodes toe te pas nie. Arbeidsaamheid is aangemoedig deur die gebruik van arbeiders te beperk of te verbied. In 1927 het J.S. Sommerville van die Departement Lande die volgende oor die proefhuurders opgemerk:

*"They are a type who obviously, in many cases cannot be left to themselves... the most intensive supervision of them must be maintained"*²³

Na die verstryking van die proeftydperk, het nedersetters huurders van hulle hoewes geword. Uitgepaseerde proefhuurders het 'n voorskot bedrag van sowat R200 ontvang om hulle in staat te stel om saad, kunsmis en boubenodighede te koop. Die huurtydperk het sowat 10 jaar geduur, voordat die opsie om hoewes te koop, uitgeoefen kon word. Hierdie was die laaste stap in die proses en het van 'n eertydse armbanke sonder grond, 'n grondbesitter gemaak.²⁴

Die toepassing van bogenoemde plan het 'n aanvang geneem na die Departement Lande sy eerste groep toekennings in Januarie 1925 op die Mamagaliesskraal-nedersetting gemaak het. Hoewes was ongeveer 8,5 ha groot. Die keuse op dié grootte het ten nouste saamgehang met die begeerte van die departement om soveel as moontlik nedersetters te vestig, eerder as wat dit begrond was op landbou-ekonomiese oorwegings. Dit sou later probleme oplewer. 'n Konferensie met die Departement Landbou oor spesifieke boerdery-aktiwiteite is eers in April/Mei 1925 gehou nadat hoewes alreeds ontwikkel is en die eerste nedersetters hulself alreeds daarop begin vestig het. Die Departement Landbou het die groot-skaalse diversifisering van aktiwiteite bepleit, terwyl die Departement Lande steeds klem gelê het op die verbouing van tabak, koring en lusern. Na 1928 moes aanpassings gemaak word m.b.t. boerdery-aktiwiteite aangesien die tabakmark 'n insinking beleef het, kompetisie met Zimbabwe nie suksesvol die hoof gebied kon word nie en die uitputting van sekere gedeeltes van die nedersetting weens oorbewerking en oorbeproeining begin voorkom het.²⁵

Afgesien van bogenoemde probleme, het die teenwoordigheid van die Departement Arbeid sake verder gekompliseer. Sedert 1924 het dié departement gepoog om sy belangstelling in die Hartebeespoortdamskema te beklemtoon en ook by die vestigingsproses betrokke te raak. Ten einde laaste is beide die Departement Lande en Arbeid toegelaat om afsonderlike hervestigingskemas te bestuur. Die Hartebeespoortdamskema was ook 'n gulde geleentheid om samewerking tussen die Nasionaliste en

Arbeiders te bevorder en die politieke bande wat tot die Pakt-ooreenkoms gelei het, te versterk. Die realiteit het hierdie ideaal van samewerking egter laat skipbreuk ly. Grondtekorte en oorvleueling met die werksaamhede van die Departement Lande en die onwilligheid van laasgenoemde om die plasing van pagters na opleiding te onderneem, het daartoe gelei dat die Departement Arbeid se program, sterk ondersteun deur die Arbeidersparty, teen 1930 nie langer uitvoerbaar was nie. Die vestiging van pagters op die Geluknedersetting, Losperfontein opleidingsplaas en Zanddriest pagter uitbreidingskema is gestaak, waarna die Departement Lande bykans alle grond op die skema beheer en voortgegaan het met die opleiding en opheffing van proefhuurders, soos nedersetters onder beheer van dié departement bekend gestaan het.²⁶

Hierin is bewys van die rompslomp en oorvleueling van staatsdepartemente. Die Departement Arbeid kon sy posisie regverdig op grond van sy verbintenis tot blanke werkloosheid en arbeidsaangeleenthede. Die Departement Besproeiing moes uit die aard van die nedersetting daarby betrokke wees, terwyl die Departement Lande se uitsluitlike funksie die vestiging van boere in die Unie was. Die Departement Landbou het betrokke geraak op versoek van die Departement Lande ten einde sekere landbou-aangeleenthede soos die verbouing van produkte, grootte van persele ensameer uit te klaar. Aangesien die Hartebeespoortdamskema die eerste van sy soort in die Unie was, is dit egter te verstane dat die onderskeie staatsdepartemente in sekere opsigte onbeholpe sou wees.²⁷

Die sukses van die Hartebeespoortdamskema

Die sukses van die skema kan aan die hand van die volgende kriteria gemeet word: die aantal kroongrondbriewe wat teen 1951 toegestaan is en 'n aanduiding van grondeienaarskap is, die inkomste van boere en die aantal handelsbanke.

Hoewel daar teen 1933 verkondig is dat daar sowat 300 000 armbankes in die Unie was, het die Hartebeespoortdamskema getalgsig slegs in 'n geringe mate tot die verligting van die armbankevraagstuk bygedra. Nogtans, op mikrovlak beskou, was 451 nedersetters teen die einde van 1951 in besit van kroongrondbriewe. Indien struikelblokke soos byvoorbeeld droogte, hael, onkonde, daling in die tabakmark, reorganisasie van sekere dele van die nedersetting ensameer in aanmerking geneem word, is dié getal uiters bevredigend. Daar moet ook onthou word dat hoewes op die onderskeie dele van die nedersetting nie gelyktydig ontwikkel is nie. Gedurende 1933 is hoewes herwaardeer en heelwat skuld afgeskryf. In 1935 is rentekoerse met 1% na 3,5% verminder, terwyl die terugbetalingstydperk na 65 jaar verleng is. Teen die einde van 1949 was 65% van die nedersetters wat reeds tien jaar op die skema was en die opsie om te koop kon uitoefen, in besit van kroongrondbriewe.²⁸ Die mate van veranderinge in grondbesit na die ontvangs van kroongrondbriewe is 'n aspek wat ondersoekbaar is, hoewel dit nie in hierdie artikel neerslag gevind het nie. Nedersetters is op die platteland hervestig om sodoende 'n onafhanklike ekonomiese bestaan in die landboubedryf te vind. Die vraag moet beantwoord word of eertydse arm-

blankes wat grondbesitters geword het, ná 1952 grondbesitters gebly het.

Wat die inkomste van sowat 2 016 boere teen 1951 in die distrik betref, moet onthou word dat die beskikbare sensus 'n aantal boere ingesluit het wat nie aanvanklik as nedersetters geklassifiseer was nie. 15,48% het R2 000 – R3 000 per jaar verdien, 11,26% het R1 600 – R2 000 en 12,95% het R1 200 – R1 600 per jaar verdien. Hierdie inkomstegroep is deur Mulder beskryf as gevestigde nedersetters. Boere in die inkomste groepe R400 – R1 000 was meestal beginners op nedersettings, enkele ou mense en boere op klein 2,5 tot 3 ha hoewes. Die ekonomiese sukses van nedersetters en die algehele skema het direk afgehang van landbou-aktiwiteite soos voorgeskryf deur die Departement Lande. Hierin bestaan talle leemtes, byvoorbeeld die ontoereikende grootte van hoewes tot na 'n reorganisasie in die 1930's en ongeskikte boerdery-aktiwiteite vir die grondtipes totdat diversifisering later onvermydelik geword het.²⁹

In 1921 het twee banke, De Nationale Bank van Zuid-Afrika (Bpk) en Die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika (Bpk) gesamentlik 'n personeel van 9 gehad. Tot 1935 was daar 'n afname in banksake a.g.v. 'n krisis in die tabakmark, ekonomiese depressie en droogte. Die meeste nedersetters was ook nog ongevestig. In 1939 het die situasie verbeter, waarna Volkskas 'n tak geopen het met 'n personeel van 5. Teen 1950 was al die belangrikste banke in die dorp verteenwoordig wat die vertroue van die bankwese in die ekonomie van die distrik weerspieël het.³⁰

Sedert die totstandkoming van die nedersetting was daar 'n gestadige vooruitgang in ekonomiese aktiwiteite, hoewel aansienlike staatsonkoste aangegaan is om die skema lewensvatbaar te hou en te dien as bewys van die onderskeie regerings se noue betrokkenheid en voortgesette steun aan armlankes in die landbousektor. Indien gekyk word na die aard en ontwikkeling van die skema kan onomwonde gestel word dat dit bykans onmoontlik was dat dit winsgewend bedryf kon word. Die Hartebeespoortdamskema het begin as 'n nedersettingskema vir die hervestiging van kapitaallose, hawelose armlankes. Die verwagting is aanvanklik gestel dat die skema betalend sou wees aangesien hoewes teen realistiese pryse aan nedersetters verkoop sou word. Realiteite en politici se vooruitskouinge het egter nie ooreengestem nie. Verliese op staatsuitgawes sluit nie net direkte verliese op konstruksiewerke, grond en verbeterings in nie, maar ook waterbelasting, depresiasie, ensovoorts. Teen Maart 1929 het die Departement Lande 'n netto verlies van R47 989 gely, in 1938 is R51 484 kwytgeskel en teen 1940



Die voltooide Hartebeespoortdam.

sowat R10 250 afgeskryf. Indien departementele salarisse volgens Swanepoel 'n verlies was, het die departement teen 1947 'n totaal van R181 082 sedert die begin van werksaamhede aan die skema uitbetaal³¹. In totaal het die skema uiteindelik meer as R2 miljoen (£1 = R2,0025) gekos. Die gepastheid van die konsep "verlies" is bevraagtekenbaar, aangesien staatsuitgawes m.b.t. die opheffing van armlankes bestempel kan word as herver spreiding van rykdom. Of belastingbetalers gewillig was om tot hierdie en soortgelyke skemas by te dra en die maniere waarop regerings die aanwending van belastinggeld vir maatskaplike opheffingsprogramme regverdig het, is ondersoekbaar.³² Die staat se rol in maatskaplike opheffingsprogramme kom hier weer na vore.

Gevolgtrekking

Uit die studie oor die Hartebeespoortdamskema is dit duidelik dat die skema 'n langtermyn projek was en dat groot bedrae spandeer is om die skema te ontwikkel. Die gepolitiseerdheid van die armlankevraagstuk het bedrywighede op Hartebeespoort beïnvloed en veral die Departement Lande onder druk geplaas. Tog het die skema voordele vir die hele streek ingehou deurdat daar met verloop van tyd 'n boerderygemeenskap gevestig geraak het wat ook 'n verskeidenheid sekondêre bedrywighede gelok het.

Staatsbetrokkenheid het tot rompslomp gelei. Dit blyk onder meer uit die aanvanklike betrokkenheid en latere onttrekking van die Departement Arbeid. Die bykans onafhanklike besluitneming van die Departement Lande met betrekking tot belangrike landbou-ekonomiese aspekte wat eerder aan die Departement Landbou oorge laat moes word, was sekerlik die grootste flater. Op die langtermyn het die bykans eensydige besluitneming oor aspekte soos die grootte van hoewes en keuse oor gewasse ernstige komplikasies ingehou en later regstellende aksies geverg wat die departement duur te staan gekom het. Dit blyk dus dat misplaaste klem weens 'n gebrek aan realistiese vooruitskouinge – veral wanneer deur politieke oorwegings gekleur – enige goedbedoelde

skema ernstig kan skaad.

ENDNOTE

1. Sonder Outeur, "Om te verdeel ter wille van verdeling nie aanvaarbaar", *Finansies en Tegniek*, Jaargang 44, 30 November 1990, p.13; *Die Volksblad*, 29.12.1989; *Eastern Province Herald*, 26.11.1990; *The Star*, 22.11.1990.
2. T.G. 13-1908 *Transvaal Indigency Commission*, p.11.
3. R.W. Wilcocks, *Rural poverty among whites in South Africa and the south of the United States*, (Sonder Plek, 1935), p.1.
4. J.P. Potgieter, "n Kritiese ontleding van die bevindinge en beskouinge aangaande die verarming van blankes in Suid-Afrika" (M.A., UP., 1945), p.2.
5. B. Freund, "The poor whites: a social force and a social problem in South African history", in Morrell (red.), *White but Poor, essays on the history of poor whites in southern Africa 1880-1940* (Pretoria, 1992), p. xiii.
6. P.H. Omara-Ojunga, *Resource Management in developing countries* (New York, 1992), p.55. Omara-Ojunga se bevinding oor verskeie kriteria en kompleksiteite verbonde aan die definiering van die armoede-verskynsel in hedendaagse Uganda is ook hier van toepassing.
7. D.L. Berger, "White poverty and government policy in South Africa 1892-1934" (D.phil., Temple Universiteit, V.S.A., 1982), pp. 2, 13-19, 25; E.J. Scholtz, "Herstellingskemas van die Departement van Arbeid", in *Sosiale en Bedryfsaangeleenthede*, Vol. VII (37), 5 Januarie 1929, p. 35; Freund, "The poor whites: a social force...", p. xvii; A.S. du Plessis, "Die Hartebeespoortdambesproeiingskema, 'n evaluering van 'n staatsbeheerde hervestigingsprogram, 1914-1952" (M.A., RAU, 1989), pp. 20 en 29.
8. R.A. Lewis, "A study of some aspects of the poor white problem in South Africa" (M.A., Rh.U., 1973), pp. 33-46.
9. Vir 'n volledige lys wetgewings vanaf 1911 tot 1934 m.b.t. permanente bystand, sien voetnoot 11, "Subsidies, Quotas, Tariffs, and the Excess Cost of Agriculture in South Africa", in *South African Journal of Economics*, Vol. 3(3), September 1935, pp. 371-372.
10. Du Plessis, "Die Hartebeespoortdambesproeiingskema, 'n evaluering...", pp. 57, 60, 62-64.
11. Ibid., pp. 36-39; B.K. de Beer, *Agter die Magalies* (Sonder Plek, 1975), p. 383; A.H. Mulder, "n Sosiografiese studie van die Brits-distrik" (D.phil., PU vir CHO, 1957), p.4; J.S. Bergh, "Die vestiging van Voortrekkers noord van die Vaalrivier tot 1840", in *Historia*, Vol. 37(2), November 1992, p.47
12. H.G. Andrews, "The Hartebeespoort irrigation scheme with side-lights on land policies" (M.A., UNISA, 1931), pp. 28-29; *Volksraadsdebatte*, Junie 1914, p.3145.
13. Ibid., p. 3119.
14. Ibid., p. 3129; U.G. 19-1914 *Report on various irrigation projects provided for in the loan estimates for the year ending 31 March 1915*, pp. 5 e.v.
15. Andrews, "The Hartebeespoort irrigation scheme..." p. 30; Du Plessis, "Die Hartebeespoortdam- besproeiingskema, 'n evaluering...", pp. 42-44.
16. U.G. 19-1918 *Jaarverslag van die Direkteur van Besproeiing 31 Maart 1917*, pp. 71-72; U.G. 17-1928 *Jaarverslag van die Direkteur van Lande, 31 Maart 1927*, p. 105; LDE 883 17976/85: Sekretaris van Lande -Findlay & Niemeyer, 25.4.1930; K. Shillington, "Irrigation, agriculture and the state: The Harts valley in historical perspective", in Beinhardt, W., Delius & Trapido (reds.), *Putting a plough to the ground, accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930* (Johannesburg, 1986), pp. 312-319.
17. L.L.R. Buckland, "Construction Notes, the Hartebeespoortdam", in *South African Irrigation Department Magazine*, Vol. 1(1), Oktober 1921, p.5. Dit is moeilik om persepsies en ingesteldhede vanuit armlankes se oogpunt self vas te stel.
18. I. Abedian en B. Standish, *An economic inquiry into the poor white saga* (SALDRU working paper, Nr. 64, Rondebosh, November 1985), p.54; Scholtz, "Herstellingskemas van die Departement van Arbeid"..., p.35; LDE 861 17976/31: Departement Lande - Kontroleur op Brits, 7.2.1924.
19. LDE 861 17976/31: Departement Lande - Kontroleur op Brits, 11.4.1924.
20. Du Plessis, "Die Hartebeespoortdambesproeiingskema, 'n evaluering...", p.61.
21. U.G. 8-1923 *Jaarverslag van die Direkteur van Besproeiing 1921 - 1922*, p.20; Andrews, "The Hartebeespoort irrigation scheme...", p.84; Sonder Outeur, "Construction Notes", *South African Irrigation Department Magazine*, Vol. 1(4), Julie 1922, p.142.
22. Du Plessis, "Die Hartebeespoortdambesproeiingskema, 'n evaluering...", pp. 41 en 52 en 64. Nadere of digte nedersettings kan omskryf word as nedersetting wat op 'n beperkte gebied plaasvind, sodat die voordele van gesentraliseerde beheer en sekere funksies soos skoolopvoeding ens. maklik uitvoerbaar is.
23. LDE 886 17976/98: J.S. Sommerville - Kontroleur op Brits, 28.01.1927; Sonder Outeur, "Probationary Lessees' settlement scheme, more plots expected to be available in few months", in *Farmer's Weekly*, Vol. 76, 29 September 1948, p.79. Spesifieke bepalinge het met verloop van tyd verander; Du Plessis, "Die Hartebeespoortdambesproeiingskema, 'n evaluering...", p.83; Mulder, "n Sosiografiese studie van die Brits-distrik...", pp. 302-304.
24. Du Plessis, "Die Hartebeespoortdambesproeiingskema, 'n evaluering...", p.79.
25. U.G. 22-1934 *Jaarverslag van die Direkteur van Lande, 31 Maart 1933*, pp. 142-143; LDE 839 17976/86: Sekretaris van Lande - Kontroleur op Brits, 6.2.1932; U.G. 53-1929 *Jaarverslag van die Direkteur van Lande, 31 Maart 1929*, p. 40; LDE 874 17976/48: "Hartebeespoort Settlement, Development of Probationary Lessees' Holdings, Conference by Agriculture Department Experts, Economic size of holdings, 1925-1930"; LDE 874 17976/48: "Minutes of Conference between officers of the Department of Agriculture and the Hartebeespoort Committee of Control, 22.5.1928"; W.J. Pretorius, "n Ekonomiese studie van die tabaknywerheid in die Westelike Transvaal vir die jaar 1927-1928", in Unie Departement van Landbou, Pamflet nr. 89, Ekonomiese Reeks nr. 13.
26. Department of Labour, "Initiation and Development of Interests of Department of Labour in Hartebeespoort Irrigation Area", in MNW 893 MM 1948/27: Report of the Hartebeespoort Area Departmental Committee, 1927, p.2.
27. Du Plessis, "Die Hartebeespoortdambesproeiingskema, 'n evaluering...", pp. 68-70.
28. Ibid., p.124.
29. Ibid., p. 146-151. A.H. Mulder, "n Sosiografiese studie van die Brits-distrik...", p.223.
30. Ibid., pp. 223-227.
31. Du Plessis, "Die Hartebeespoortdambesproeiingskema, 'n evaluering...", pp. 137-151; J. Swanepoel, *Die Ekonomiese sukses van die Hartebeespoort-besproeiingskema*, (M.Comm., PU vir CHO, 1952), pp. 41-45.
32. J. Tayler, "our poor": the politicisation of the poor white problem, 1932-1942", in *Kleio*, Vol. XXIV, 1992, pp. 41-43.